# Leer Engels saam met jou Kinders en Tieners: Gebruik ‘n taaklys om algemene vlotheid te oefen



Taaktyd kan ook ‘n goeie tyd wees om mondelinge taalvaardighede te oefen deur te praat oor wie watter take gaan voltooi en wanneer. Gebruik ‘n taaklys om julle gesprek te organiseer.

**Deur** Nicole DeSalle, Skryfkoördineerder, Iowa Leesnavorsingsentrum
Geplaas op 29 Maart, 2022

*Redakteur se nota: Om saam te leer kan u kind en tiener se Engelse taalvaardigheid verbeter sowel as u eie. Hierdie plasing is deel van ‘n voortdurende reeks wat ontwerp is om versorgers wie Engelse leerders is te help om geleenthede te vind om Engels vir die familie te leer in hul daaglikse lewens.*

Om Engels te oefen terwyl jy take in en om die huis uitrig is ‘n baie goeie manier vir jou en jou kinders om te leer. Omdat take deel is van ‘n daaglikse of weeklikse roetine, het familielede veelvuldige geleenthede om woordeskat en sinskonstruksies te oefen, wat moontlik hul algehele vlotheid in Engels kan verbeter. Boonop is die proses van besluit watter take gedoen moet word, wanneer dit gedoen moet word, en om daardie take vir ‘n failielid toe te wys, ‘n voorbeeld van probleemoplossing. Navorsing toon dat wanneer Engelse leerders saam werk om probleme op te los, hulle meer fokus op die taalstrukture sodat hulle hul mening so akkuraat en duidelik moontlik kan uitdruk

## Bou so Saam Agtergrondkennis

Hierdie inligting is nuttig vir Engelse leerders voordat hulle met die aktiwiteite in hierdie plasing begin.

'n Taak is 'n werkie wat jy in en om die huis doen. Sommige take word elke dag gedoen, Sommige take word weekliks gedoen.

Hier is 'n paar voorbeelde van algemene take:

- maak jou kamer skoon
- maak jou bed op
- tel klere op/pak klere weg/hang jou klere op
- was die skottelgoed
- was die kar
- sny die gras
- tel speelgoed op
- kook aandete
- dek die tafel
- maak die tafel skoon
- maak die yskas of frieskas binnekant skoon
- was die bad of stort
- was die klere
- maak die klere droog
- pak die klere weg
- mop die vloere
- stofsuig die matte/matjies
- hark die blare in die Herfs
- kry sneeu uit die pad in die Winter

---

'n Taaklys is 'n manier om takies in die huishouding te organiseer. Jy kan die taaklys so maak dat dit die dag of dae van die week wys wanneer die take voltooi moet word. Jy kan wys watter familielid die verantwoordelikheid het om die take te voltooi. (sien Aanvullende Hulpbronne vir Families vir 'n taaklys sjabloon).

Jy kan die volgende vrae aan jou kinders of tieners stel in Engels of hul moedertaal:

- Hoekom is dit belangrik dat almal in die familie help met take?
- Watter take word elke dag gedoen? Watter take word elke week gedoen?

- Watter taak dink jy is jy goed mee? Watter taak verpes jy?

Jy kan besluit of jy graag sommige of al hierdie vrae saam met jou kinders en tieners wil hersien wanneer jy ‘n taaklys skep.

## Bou Saam Engelse vaardighed: Die Gebruik van ‘n Taaklys om Engels mee te Oefen

### Skep ‘n taaklys

Volg hierdie stappe om ‘n taaklys te skep soos die voorbeeld in die lys hier onder.

- Lys die verskillende take wat gedoen moet word in die eerste kolom.
- Skryf die dae van die week in die boonste ry.
- Bespreek die take wat elke lid van die familie sal doen vir die week met jou kinders en tieners. Skryf hul name langs elke taak en onder die dag van die week (meer hieroor hier onder).

### Figuur 1. Voorbeeld van ‘n Taaklys

**Die Garcia Familie se Taaklys**

| Taak | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Stofsuig | | | Carmen | | | | |
| Was die wasgoed | | | | | Pa | | |
| Was die skottelgoed | Carmen | Marco | Mom | Marco | Carmen | Pa | Pa |
| Dek die tafel | Marco | Carmen | Pa | Carmen | Marco | Ma | Ma |
| Maak jou kamer skoon | | | | Carmen | Marco | | |
| Vat die vuilgoed uit | | | Marco | | | | |

## Oefen Spraakvaardighede deur vrae te vra en te beantwoord oor die Toekoms

Vra en antwoord vrae in Engels om te help besluit wie watter taak gaan doen

- Vraag: Wie sal hierdie week die vullissakke uitvat?
- Antwoord: Ek sal dit Woensdag kan doen.
- Vraag: Wie sal maandag die skottelgoed was?
- Antwoord: Ek sal dit doen.

## Grammatika in die kollig: “Sal” vs “Gaan”

Beide “sal” en “gaan” word gebruik om oor aksies te praat wat in die toekoms gebeur. Maar, hulle word in verskillende omstandighede gebruik.

### Wanneer om “Sal” te gebruik

Gebruik “sal” om aksies wat in die toekoms gaan gebeur uit te druk. Byvoorbeeld:

- Persoon 1: Wie sal Maandag die skottelgoed was?
- Persoon 2: Ek sal.
- Persoon 1: Great! Kom ons skryf jou naam op die lys.

### Wanneer om “Gaan” te gebruik

Om toekomstige planne bekend te maak wat voor die oomblik van spraak vasgestel is. Byvoorbeeld:

- Persoon 1: Wie gaan vanaand die tafel dek?
- Persoon 2: Ek is nie seker nie. Kom ons kyk na die taaklys. Marco gaan vanaand die tafel dek.

Watter een moet jy gebruik wanneer jy die taaklys invul? Aangesien die take bespreek en op besluit sal word wanneer die taaklys ingevul word, gaan ‘sal’ gebruik word om hierdie toekomstige aksies uit te druk.

Nadat jy die taaklys voltooi het kan jy en jou kinders en tieners dit aanhou gebruik vir spraakoefening. Maar, aangesien die lys toekomstige planne wys wat alreeds op belsuit is, gebuik “gaan” in plek van “sal”. Gebruik die sinrame hier onder om die gebruik van “gaan” te oefen in plek van “sal”.

### Sinrame vir die bespreking van Toekomstige Planne vir die Take

**Vraag**

- Wie gaan hierdie week ____?

**Voorbeelde**

- Wie gaan hierdie week **die wasgoed wa**s?
- Wie gaan hierdie week **die vullissakke uitvat?**

**Antwoord**

- ________ gaan_____ _______.

**Voorbeelde**

- **Pa** gaan Vrydag **wasgoed was!**
- **Marco** gaan **die vullissakke Woensdag uit vat**.

# Oefen Spraakvaardighede deur Vrae van Dinge in die Verlede te Vra en te Beantwoord

Jy en jou kinders of tieners kan ook die taaklys gebruik om op hoogte te bly van take wat reeds voltooi is. In die voorbeeld hier onder verwys die "x" na take wat reeds voltooi is.

**Die Garcia Familie se Taaklys**

| Taak | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Stofsuig | | | x Carmen | | | | |
| Doen die wasgoed | | | | | Pa | | |
| Was die skottelgoed | x Carmen | x Marco | Ma | Marco | Carmen | Pa | Pa |
| Dek die tafel | x Marco | x Carmen | Pa | Carmen | Marco | Ma | Ma |
| Maak jou kamer skoon | | | | Carmen | Marco | | |
| Neem die vullis uit | | | x Marco | | | | |

Merk die take af wat reeds voltooi is saam met jou kinders of tieners. Hou aan oefen deur vrae te vra en te antwoord oor take wat voltooi is.

- Vra: Het Marco Maandag die skottelgoed gewas?
- Antwoord: Ja, hy het.
- Vra: Het Carmen haar kamer skoongemaak?
- Antwoord: Nee, sy gaan dit Donderdag skoonmaak.

## Grammatika kollig: "Verlede tyd" versus "Perfektum"

Beide die verlede tyd en die perfektum kan gebruik word om oor voltooide take te praat, afhangend van die omstandighede.

### Wanneer om die verlede tyd te gebruik

Gebruik die verlede tyd met 'n voltooide aksie wat geen resultaat in die huidige tyd het nie. Byvoorbeeld:

- Persoon 1: Het Carmen gestofsuig?
- Persoon 2: Ja, sy het.

Gebruik die verlede tyd wanneer jy spesifieke feite oor wanneer 'n aksie voltooi was bespreek. Byvoorbeeld:

- Persoon 1: Het Carmen gestofsuig?
- Persoon 2: Ja, sy het Woensdag gestofsuig.

### Wanneer om Perfektum te gebruik

Gebruik perfektum met 'n voltooide aksie wat 'n resultaat het in die huidige tyd. Byvoorbeeld:

- Persoon 1: Het Marco die tafel gedek?
- Persoon 2: Ja, hy het. Nou kan ons aandete voorsit.

Gebruik perfektum wanneer geen voltooide tydwoord gebruik word nie. Byvoorbeeld:

- Persoon 1: Het Carmen haar kamer skoongemaak?
- Persoon 2: Nee, sy het nie. Sy gaan dit Donderdag doen.

Take is nie altyd pret nie. Maar om met jou kinders en tieners oor take te praat is 'n uitstekende manier om julle Engelse vaardighede te oefen.

## Aanvullende Hulpbronne vir Families

**Taaklys**

Gebruik hierdie sjabloon om 'n weeklikse lys van take wat gedoen moet word in te vul. Dit moet aandui watter familielid elke taak sal doen en watter dag hulle dit sal voltooi. Bespreek dit soos jy gaan in Engels om ook jou Engelse vaardighede te oefen.

## Verwysings

Kim, Y. (2008). The contribution of collaborative and individual tasks to the acquisition of L2 vocabulary. *The Modern Language Journal*, *92*, 114–130. http://www.jstor.org/stable/25172996